Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

"Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wt julle van God ontvang het." Efes. 4:1

27 April 2025

09:30 OGGENDDIENS: Prof. Naas Ferreira

Tema: God waarmerk Sy kinders se lewens binne-in 'n valse wêreld.

Die apostel Paulus se beskrywing van die lewe en wêreld van die 'laaste dae' (tyd tussen hemelvaart en wederkoms) is werklik van toepassing op ons eie tyd. Hy verwys na 'n lewenswyse vol valsheid – wat baie beslis 'swaar tye' tot gevolg het. Maar – het jy die duidelike kontras raakgesien? In vers 10 en in vers 14 word daar geskrywe: 'maar jy'. Hy wil hiermee vir die jong man Timoteus 'n groot waarheid vertel. God se kind is nie deel van hierdie valse wêreld nie. God se kinders het God se kosbare Woord op 'n baie unieke manier ontvang en dit bring 'n groot verandering in hulle lewe. God rus Sy kinders volkome toe om nie deel van die probleem van valsheid in die wêreld te wees nie, maar om God se oplossing (om vir die waarheid te lewe) te word. Dit is die uitsluitlike doel (sodat – vers 17) die getuienis van die waarheid helder en duidelik in die laaste dae in die lewens van God se kinders hoorbaar en sigbaar kan word. Pasop vir die valsheid wat net 'swaar tye' tot gevolg het. Sorg dat jou lewe binne-in hierdie valse wêreld, God se waarmerk dra.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 200: 1, 2 en 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 159: 1, 2 en 3; Votum; Seën; Loflied: Ps. 146-1: 1, 3 en 4; Geloofsbelydenis

Ons verootmoedig ons voor God
Wet; Sing as antwoord op die wet: Ps. 33-1: 5 en 11; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 2 Timoteus 3: 1-17
Teksverse: 2 Timoteus 3: 16-17
Woordverkondiging; Gebed

Ons antwoord op die Woordbediening
Slotsang: Ps. 119-1: 39 en 51; Liefdegawe (Beide liefdegawes vandag: Diakonie); Seën; Amenlied: Sb. 13-3.

GEEN AANDDIENS

MEELEWING

- Marlize van Deventer se operasie het goed afgeloop - sy sterk aan.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

ONS GROET

Carl en Jurie Quass wat met Bewys van Lidmaatskap vertrek na NG Kerk, Gansbaai.

VERLOF REëLINGS

Ds. Piet is met verlof van 18 April tot 28 April.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening
Eie Katkisasie, les 10
Tee en Koffie
Geen Aanddiens

Maandag
Publieke vakansiedag - kerkkantoor gesluit

Dinsdag
Geen Manne ondersteuningsgroep
Geen Katkisasie Gr 8 - 10

Woensdag
Geen Katkisasie Gr. 11
17:45 Bybelstudie: Naskoolse jongmense en studente

Donderdag
Werkersdag - kerkkantoor gesluit

AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 12 en 13.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 27 April
Br Dirk Bloem
Br Dawie Grobler
Sr Riana Schutte

Maandag, 28 April
Sr Suzanne Kruger
Sr Kinnie Yssel *

Dinsdag, 29 April
Sr Marian de Kock
Br Pieter Lessing
Sr Marie Oosthuizen

Woensdag, 30 April
Sr Karen de Villiers
Sr Riekie Storm

Donderdag, 1 Mei
Br Wynand Scholtz

Vrydag, 2 Mei
Br Divan Greyling
Sr Lien Kruger *

Saterdag, 3 Mei
Sr Susan Velloen

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

KALENDER-VERANDERINGE!

Let asb op die volgende verandering op ons kalender 2025:

Donderdag, 29 Mei - Hemelvaartdiens 18:00 by GK Potch-Oos

DIE KERKBLAD

Beskikbaar in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat daarop ingeteken is.

KOM KOOP PANNEKOEK!

Die Susters van GK Potchefstroom vra ons ondersteuning! Hulle verkoop Vrydag, 2 Mei en Saterdag 3 Mei pannekoek by Pick n Pay, Van der Hoffpark vanaf 09:00.

KENNISGEWINGBORD

- Skriba-kassier NG Kerk Potchefstroom
- GK Kameeldrift Damestee

GKSA NUUS

Beroep bedank

• Dr JD (Juan) Mienie van GK Zeerust na GK Vryburg

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Christelle Vorster en groep 2, Ria Robberts en groep 10, Marna Naudé en groep 19, asook Lana Laufs en groep 28.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
6 Mei	**Dinsdag**	**18:30**	**D**	**Sustersamekoms**
16 Mei	**Vrydag**	**17:00-18:00**	**B**	**Wegneemetes**
8 Junie	Sondag	18:00	A	Ouderlingverversings
17 Junie	Dinsdag	18:00	Bestuur	Sustersbestuursvergadering
22 Junie	Sondag	12:00	C	Nagmaalete
24 Junie	Dinsdag	18:00	Groepsusters	Groepsustersvergadering

WAARNA SIEN ONS UIT VROEG IN DIE NUWE KWARTAAL?

SUSTERSAMEKOMS, DINSDAG 6 MEI

Jy word hartlik uitgenooi na ons volgende Sustersamekoms. RSVP gerus by 067 713 2332 of skryf jou naam op die lys in die Skuur.

WEGNEEM-ETES, VRYDAG 16 MEI

Bestel vroegtydig jou vetkoek by 067 713 2332, op die lys in die voorportaal van die Skuur of op die skakel:

https://forms.gle/2vqkikMAoAvGg3m2A

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: **Adele – 067 713 2332 - nommer het verander!**/ kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch